## VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

**NOVEMBER 2017** **TOTAAL: 80**
**TYD: 2 UUR**

# MEMORANDUM

## AFDELING A: BEGRIPSTOETS ASSESSERINGSRIGLYNE

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word NIE gepenaliseer NIE, behalwe as die spelling die woordbetekenis verander.
- Penalisering geskied slegs as die spelling van die kernwoord die antwoord se betekenis verander.
- As ŉ taalfout die betekenis van die antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- Indien ŉ spelfout die betekenis van ŉ eenwoord-antwoord verander, word geen punt toegeken nie.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.
- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee ŉ volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord is ...
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee ŉ hele reeks:
  - sien SLEGS die vereiste feit(e)/punt(e) na.
  - indien die feit(e)/punt(e) met merkers aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien ŉ antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit ŉ ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.

© e-classroom 2017

- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

## VRAAG 1: BEGRIPSTOETS

1.1 * Tieners bestee te veel tyd saans in kunsmatige lig.
* Tieners spandeer te min tyd in die buitelug. (2)

1.2.1 Feit (1)
1.2.2 "1. ŉ studie onderneem/2. ŉ studie gemaak.." (1)

1.3 Buitelig reguleer hulle biologiese horlosies. (1)

1.4 Die Universiteit van Surrey OF Harvard-mediese skool. (1)

1.5 Dit sê vir die liggaam wanneer jy moet gaan slaap. (1)

1.6 Europeërs EN Afrika-stamme (2)

1.7.1 Die jonger geslag jagter-versamelaarstamme wat genoeg tyd in die buitelig spandeer. (1)
1.7.2 Hulle is gewoond aan natuurlike lig. (1)

1.8 "tiener" (1)

1.9 Doktor (met ŉ "o" – dui op akademiese doktor) (1)

1.10 * Hulle is heeldag by die skool.
* Hulle gaan slaap later as ander lede van hulle huis en is daarom dan besig met hulle slimfone en tablette. (2)

1.11 Scientific Reports. (2)

1.12 Dit is stamme wat gewoond daaraan is om deur die dag kos te jag en te versamel. (1)

1.13 * King's College in Londen
* Die Universiteit van Cardiff (2)

1.14 Jongmense moet hulle selfone wegsit ten einde ŉ goeie nagrus te verseker. (1)

1.15 Sonbeskermingsfaktor (1)

1.16 * Rooi of blonde hare
* sproete

© e-classroom 2017

* Blou of groen oë
(Enige TWEE kenmerke) (2)

1.17 C - Groen oë
B - Blou oë
A - Donkerbruin oë (3)

1.18 Sonbruin is wanneer jy bruin word wanneer jy in die son was en sonbrand is wanneer jy brand nadat jy in die son was. (1)

1.19 Die skrywer probeer die leser laat verstaan dat as jy brand beteken dit glad nie dit is gesond vir jou vel nie. (1)

1.20 Ek dink nie so nie. Modehuise plaas te veel klem op die belangrikheid van ŉ sonbruin vel en tieners wat nie kunsmatige verbruining kan bekostig nie sal aanhou in die son baai. (1)

**TOTAAL VIR AFDELING A: 30**

# AFDELING B: OPSOMMING

**ALGEMENE ASSESSERINGS RIGLYNE**

- Lees die hele opsomming om ŉ geheelindruk te kry.
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
- Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
- Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Som die feite sovêr as moontlik in jou eie woorde op.
- Kandidate hoef nie ŉ TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE 'N PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!**

© e-classroom 2015

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE DIREKTE AANHALINGS NIE:**

**Die hoofgedagte kan in ŉ volsin of in ŉ sinsnede aangebied word, solank dit sinvol is.**
**Puntetoekenning:**
1–3 feite korrek: 1 punt
4–5 feite korrek: 2 punte
6–7 feite korrek: 3 punte

KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:
**L.W.: Die hoofgedagte kan in ŉ volsin of in ŉ sinsnede aangebied word, SOLANK DIT SINVOL IS.**
**Puntetoekenning:**
6–7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie 1–5 aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

**SKRYF DIE PUNTE SOOS VOLG NEER (horisontaal/vertikaal)**
Feit 7
Taal 3
Totaal 10

**LET WEL**
**Formaat:**
• Selfs al word die opsomming in die verkeerde formaat aangebied, moet dit geassesseer word.
• Kandidate word nie gepenaliseer indien die opsomming in die verkeerde formaat aangebied is nie.

**Woordtelling:**
• Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.

**Redes waarom tegnologie goed kan wees**

| Teks C | Moontlike antwoorde |
|---|---|
| **TV-skerms en sosiale media ontwikkel hul politieke en sosiale bewustheid as hulle op die hoogte bly van nuus, aktuele sake en dokumentêre.** | TV-skerms en sosiale media ontwikkel hulle sosiale bewustheid. |
| Sosiale netwerke maak tieners meer geheg aan hul portuurgroep. Onderwysers en ander volwassenes is nie meer die enigste bronne van kennis nie; **jongmense is gemotiveer om aanlyn by ander van hul portuurgroep te leer.** | Jongmense kan by hulle portuurgroep leer. |
| **Hulle kan hul lees- en skryfvaardighede en kritiese denke ontwikkel.** Dit gebeur met blogs, geselskamers en deelname aan aanlyn besprekings, soos op opvoedkundige- of nuus webtuistes. | Hulle kan hulle kritiese denke ontwikkel. |

© e-classroom 2017

| | |
|---|---|
| Musiek, flieks en sosiale media gee jou tiener die kans om plekke, mense, idees, sake en kulture te verken wat hulle andersins nie sou kon sien nie. **Dit is ook 'n goeie manier om jou kind aan diversiteit bloot te stel** en hulle te inspireer om nuwe aktiwiteite en nuwe idees te verken. | Dit stel kinders bloot aan diversiteit. |
| **Tegnologie laat tieners toe om hul eie video's, foto's en ander inhoud op 'n kreatiewe, innoverende en inspirerende manier te deel.** | Tieners verkeer kreatief met multi-media |
| In 'n paar eksperimente wat spelers met nie-spelers vergelyk, het navorsers bevind **TV-skerms en sosiale media ontwikkel hul politieke en sosiale bewustheid as** hulle op die hoogte bly van nuus, aktuele sake en dokumentêre. | TV-skerms en sosiale media ontwikkel politieke en sosiale bewustheid. |
| Hulle kan ook meer as een ding gelyk doen en hul aandag word nie so gou afgetrek nie. | Tieners leer om meer as een ding gelyktydig te doen. |
| Sosiale verbindings maak jongmense meer verhouding-georiënteerd, bedagsaam en empaties. **Navorsers het bevind dat tieners wat aktiewer op sosiale netwerke soos Facebook is meer virtuele empatie toon** – hulle is meer geneig om ondersteunend en aanmoedigend te wees. Hulle skep ook langtermynvriendskappe aanlyn, al is hul vriende fisiek vêr verwyderd. | Navorsers het bevind dat tieners wat meer aktief op sosiale netwerke is meer virtuele empatie toon. |
| Daar is mense wat deur tegnologie gemotiveer word – dit gee hulle die geleentheid om nuwe belangstellings te ontwikkel wat hulle gewoonweg nie sou nie, soos fotografie, videografie, skryf of selfs sing. | Mense word deur tegnologie gemotiveer. |

**TOTAAL VIR AFDELING B: 10**

# AFDELING C: TAAL

**ASSESSERINGSRIGLYNE**

**WOORD- EN SINSTRUKTURE**

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien.**
- Die standaardvariant geld.
- Wanneer slegs een woord as antwoord gevra word, kry die kandidaat geen punte indien die opdrag nie uitgevoer is nie. (Indien daar gevra word om net die woord te skryf. Kandidate moet nie die hele sin skryf nie.)
- Wanneer verlede tyd getoets word, **moet ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.

© e-classroom 2017

- Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Verder tel spelling glad nie **indien anders vereis word – veral met een woord antwoorde;** behalwe waar spelling getoets word.
- Taalfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word.
- Waar afkortings getoets word, moet die punktuasie ook korrek wees om ŉ punt te verdien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.
- Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin soos volg moet begin, moet die hele sin uitgeskryf word.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- **Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin uitgeskryf word.**

# VRAAG 3: ADVERTENSIE

## TEKS D

3.1 Sanlam (1)

3.2 Ons dink vooruit (1)

3.3 * Melktert is ŉ egte Suid-Afrikaanse dis
* Daar word van egte Suid-Afrikaanse goed gepraat soos "tjop", "sakresies", "sakkie-sakkie" en Breyten se boeke. (2)

3.4 * Borgskappe vir radiodramas, toneel, romans en jeugkultuur.
* Stories in Afrikaans.
* Afrikaanse advertensies (3)

3.5 maag (1)

3.6 finansiële (1)

3.7 beter (1)

# VRAAG 4: STROKIE!

## TEKS E

4.1 My nuwe werk sal verskriklik erg wees. (1)

4.2.1 Denotatief (1)

4.2.2 Dit is ŉ uitbeelding van twee tande wat vasbyt. (1)

4.3 ŉ Mens moet net uithou. (1)

© e-classroom 2017

4.4. Dit gaan nou klink na ŉ mondvol, maar byt net vas. (2)

4.5 Mens behoort hare op jou tande te hê. (1)

4.6 mondvol (1)

4.7 Leerder se eie, goed deurdagte motivering. (1)

4.8 Leerder se eie antwoord (1)

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

### TEKS F

5.1 Gee een woord vir die volgende omskrywings:
5.1.1 Regisseur (1)
5.1.2 Resensent (1)
5.1.3 Musikant (1)

5.2 Gee die korrekte woord tussen hakies:
5.2.1 debuutalbum (1)
5.2.2 treffer (1)

5.3 Gee ŉ sinoniem vanuit die teks vir die onderstreepte woorde:
5.3.1 Sedertdien (1)
5.3.2 Afknouery (1)

5.4 Lees die onderstaande sinne en analiseer dan soos gevra:
Sy het sedertdien nog musiek uitgereik.
5.4.1 het uitgereik (1)
5.4.2 sedertdien (1)
5.4.3 Sy (1)
5.4.4 Enigiets wat plek aandui: in die VSA (ens.) (1)

5.5 Die film begin Vrydag in Kaapstad draai.
5.5.1 Die (1)
5.5.2 Die film behoort Vrydag in Kaapstad te begin draai (1)

5.6 Verbind die sinne met die gegewe voegwoord.
5.6.1 Selena speel in 13 Reasons Why omdat sy passievol oor tienerselfmoord voel. (1)

5.6.2 Alhoewel Selena ŉ sangeres is, kan sy ook toneelspeel (1)

**(15)**

## VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT

**TEKS G**

6.1 Ek wil liewer tennis speel as sit en lees. (1)

6.3 Sy bak graag koek. (1)

6.2 te-el (1)

6.4 Teëls (1)

6.5 Ek het gesit en lees. (1)

**GROOTTOTAAL: 30 + 10 + 40 = 80**

© e-classroom 2017